## 21 Maart - EER

**Skrifgedeelte: Lukas 2:8-20 (NAV)**
**Fokusgedeelte: Lukas 2:14**

Die Bybel praat van twee soorte eer. Die eerste is die eer wat God alleen toekom. Dit tweede is dit wat die mens uit genade ontvang. Van die eerste lees ons in Jesaja 42:8: "Ek is die Here, dit is my Naam, die eer wat My toekom, gee Ek aan geen ander nie, die lof wat My toekom, gee Ek nie aan gesnede beelde nie."

Die eer van die Here is lof. Dit is om Hom te loof. Ook in Jesaja 42:12 staan dit so: "Laat hulle aan die Here eer bewys en op die eilande sy lof verkondig."

Eer by 'n mens is nie iets eie aan hom, soos by God, nie. Ook nie iets wat hom toekom nie. Daarom ontvang hy eer as beloning vir 'n godvrugtige lewe. Hierdie eer is dus deur en deur genade. Ons lees daarvan in Spreuke:

- 4:55: "Wyse mense verkry eer, maar dwase kom al hoe meer in die skande."
- 21:21: "Wie na reg en liefde strewe, aan hom word 'n vol lewe en eer geskenk."

As die mens 'n eersoeker is en alles doen om geëer te word, is hy hoogmoedig. As hy egter oor sy getrouheid eer ontvang, is dit goed en moet hy dankbaar wees.

Wat maak God se eer so anders? God se eer bestaan daaruit dat Hy gee, help, liefde betoon en sy kinders se sondes vergewe. Die mens se eer bestaan daaruit dat hy dit net kan ontvang.

Hoe het God sy eer nie in sy Seun nie gegee! Toe het Hy sy kosbaarste gegee. Met sy geboorte sing die engele daarom: "Eer aan God in die hoogste hemel, en vrede op aarde vir die mense in wie Hy 'n welbehae het."

Soli deo Gloria! Aan God kom alle eer toe. Eer Hom ook vandag in alles wat jy doen.

Sing: Skrifberyming 4-6

Ds L Vogel (Walvisbaai)